# VOORGESKREWE GEDIGTE – AFRIKAANS GRAAD 11

### EK MAAK NOG DEURE OOP

Ek maak nog deure oop
op kloppe in die nag.

Dit is net die wind
wat drome deur die vensters jaag

Ek kon skryf: die bome sny die maan
soos 'n skulp uit die nag los,

maar om oor bome te skryf in dié laat seisoen,
met winterhande, help nie.

Die wind raak verstrik in die takke,
wriemel haar los en word stil.

Nou kan ek die laaste reëls
met en oor jou skryf

en met 'n ander sê: Vannag
kan ek die treurigste verse skryf.

Hoe het jy in-en uitgewaai
En tyd nie versteur nie.

Ek kan nie erken
dat jy nie meer hier is nie,

en luister nog vir 'n klop
met een oor waar ek skryf.

Niemand sing hier in die agtergrond nie.
Ek luister en hoor niks.

Hoor in 'n droom net die eerste klanke
Van herfs, ver op pad tussen bome.

**H.J. Pieterse Alruin**

**WETENSKAPMANNETJIES**

Julle sit onder swart telescope
en kyk na die son
tot julle besef dat julle nooit daar sal kom.
Pateties bepaal julle dan ligjare
en vertel dat die son as't ware
inkrimp en eendag gaan verdwyn.

Ons sit maar hoog op die windpomp
en kyk hoe die son sy kop stamp
teen die rant
hoe hy bloei
hoe die vaal lug gloei
hoe die bome tot silhoeëtte verskroei.

Daarom liewe menere teken en klawertjies
tussen my huiswerk, kry ek 26%
want ek luister eerder na
die verdwaalde korhaan
tussen die bossies by die tennisbaan
en kwadreer liewer my vreugdes
en vind dan die logaritme van my hartseer
want syfers bring 'n eensaamheid
wat geen mens kan keer.

**A.Krog**
**Human & Rosseau**